CRI Snykant

NAVORSINGSNUUS VAN CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL

April 2013 Nr 157

PAKMATERIAAL SPESIFIKASIES VIR DIE 2013 SEISOEN

Die 2013 sitrusseisoen het begin en dis kommerwekkend dat daar reeds sekere instansies is wat "goedkoop" minderwaardige pakmateriaal vir die produsente aanbied. ***Daar word 'n dringende beroep op produsente gedoen om slegs pakmateriaal te gebruik wat aan die minimum spesifikasies voldoen.***

Om produsente te help om die regte kwaliteit pakmateriaal aan te koop, is die spesifikasies hieronder kortliks opgesom. Raadpleeg ook die dokument getiteld: ***"Pakmateriaal Spesifikasies en Palettiserings Protokolle"***, gedateer Maart 2013.

PALETTE:
Die oorgrote meerderheid sitrus word in "Hi-cube Containers" uitgevoer, waarvan die totale bruto massa op 'n palet soms tot 1400 kg oorskry. Vervoer van vrugte oor lang afstande op slegte paaie, palette in rakstelsels en "Hi-cube" palette stel geweldige eise aan palet-basisse, gevolglik moet daar onder geen omstandighede van goedkoper/swakker gehalte palette gebruik gemaak word nie. ***Slegs palette wat geskik is vir sitrus, moet gebruik word.*** Let veral op die volgende:

- Die afmetings van die verskillende komponente en die spasiëring van die bo-dek planke. 'n Spesiale apparaat (template) is ontwerp om die spasiëring van die bo-dek planke en die spasies tussen die blokke na te gaan. Die tekening is by die Verpakkingswerkgroep verkrygbaar.
- Die behandeling van die hout met Metielbromied of 'n hitte-behandeling teen kewers/houtboorders is uiters belangrik.
- Verder moet die hout, of die kompleet palet, ook met SOPP teen swamgroei behandel word.
- Die ISPM merk op die palette is van kardinale belang en indien palette nie volgens die spesifikasie en "DAFF" se vereistes gemerk is nie, sal palette summier afgekeur word.
- Maak assblief 100% seker dat u palette en die hout wat gebruik word, wel volgens die vereiste neergelegde spesifikasies behandel is.

KARTONNE:
Die kartonvervaardigers is in November 2011 geakkrediteer en die akkreditasieproses is sedertdien met groot sukses voortgesit. ***'n Baie ernstige beroep word op produsente gedoen om: (1) kartonne slegs by verskaffers te koop wat geakkrediteer is, en (2) nogtans op die volgende inligting aan te dring:***

- Volledige inligting oor die papier wat gebruik word. Dit sluit in die basiese massa van die "Linerboard" en die "Fluting", die naam van die vervaardiger van die papier, asook bewys dat dit "Virgin Linerboard" en "Semi-chemical or other approved High Performance Fluting" is wat gebruik word.
- Volledige druktoets resultate van die kartonne onder hoë humiditeit, deur 'n SANAS geakkrediteerde labortorium, moet ook aan produsente voorgelê word. ***Vir volledige spesifikasie vereistes raadpleeg die "Pakmateriaal Spesifikasies en Palettiserings Protokolle" dokument gedateer Maart 2013.***

HOEKSTUKKE:
Minderwaardige hoekstukke is nie aanvaarbaar vir gebruik op uitvoersitrus nie: Die hoekstukke skuif uit posisie, breek, en die gevolg is onstabiele palette wat in baie gevalle teen hoë kostes oorgepak moet word.

- Die gelamineerde papier hoekstukke se afmetings moet 50x50x5 mm wees en lengtes van 1850 mm vir standaard palette/konvensionele skepe en 2130 mm vir "Hi-cube" palette moet gebruik word.
- Die gebruik van hoekstukke wat te lank is, is 'n groot probleem.

PLASTIESE BANDE (STRAPPING):
Die aanbevole spesifikasie vir plastiese bande is soos volg:

- Polipropileen.
- Breedte: 12 mm (Toleransie ± 0,5 mm)
- Dikte: 0,70 mm, mininmum.
- Breeksterkte: 180 kg, minimum.
- Massa: 6,60 g per meter, minimum.
- Kleur: Verkieslik Blou.

OPSOMMEND:
Die hoë kostes van produksie en die totale logistieke ketting onder die huidige ekonomiese klimaat regverdig onder geen omstandighede die gebruik van

minderwaardige pakmateriaal en die risiko van gepaardgaande verliese nie.

Dawid Groenewald
Koördineerder: CRI-PTF & Verpakkings-werkgroep
Cell: 083 661 6365
Email: Dawid@cri.co.za

CRI Cutting Edge

RESEARCH NEWS FROM CITRUS RESEARCH INTERNATIONAL

April 2013 No 157

PACKAGING MATERIAL SPECIFICATIONS FOR THE 2013 SEASON

The 2013 citrus season has started and the fact that certain suppliers are already offering "cheap" inferior quality packaging material to growers is a matter of great concern. ***An urgent appeal is made to growers to only use packaging material complying with the specifications.***

To assist growers to buy the correct quality packaging material, please see the short summary of the packaging material specifications below. For full details please see the document under the title: **Packaging Material Specifications and Palletisation Protocols**, dated March 2013.

PALLETS:

The majority of citrus is exported in Hi-cube Containers. In some cases the gross mass of a pallet exceeds 1400 kg. Transporting of fruit over long distances on bad roads and Hi-cube pallets in racking systems are putting immense pressure on pallets and the use of "cheap" inferior quality pallets must be avoided at all costs. ***Only pallets suitable for citrus must be used.*** Special attention should be given to:

- The dimensions of the various components and the spacing of the top deck slats. To check the positioning of the top deck slats and the spacing between the blocks a special template was designed. The drawing of the template can be obtained from the packaging working group.
- The treatment of the wood with Methyl Bromide or a heat treatment against beetles/wood-borers is vitally important.
- To prevent fungal growth, the wood or the complete pallet must also be treated with SOPP.
- The ISPM mark on the pallet is also vitally important. Pallets not marked according to the "DAFF" specifications and requirements will be rejected.
- Please make 100% sure that pallets and the wood used are indeed treated in accordance with the set standards and specifications.

CARTONS:

The carton manufacturers were accredited in November 2011 and the accreditation process since then has been very successfully applied and will continue to be. ***We urgently request growers to: (1) buy cartons from accredited suppliers only, and (2) insist on the following information:***

- Full information on the paper used. This includes the basis mass of the Linerboard and the Fluting as well as the name of the paper manufacturer. They must also verify that the cartons are manufactured with Virgin Linerboard and Semi-chemical or any other approved High Performance Fluting.
- Full box compression test results conducted under high humidity conditions at a SANAS accredited laboratory. ***For full specification requirements please see the "Packaging Material Specifications and Palletisation Protocols" document dated March 2013.***

CORNER PIECES:

Inferior quality corner pieces are not acceptable for use on export citrus. Poor quality corner pieces shift out of position, break and the result is unstable pallets which must be restacked at high costs.

- The dimensions of the laminated paper corner pieces should be 50x50x5 mm and the length for standard pallets/conventional vessels is 1850 mm and 2130 mm for Hi-cube pallets.
- Extra long corner pieces are causing problems and should not be used.

STRAPPING:

The recommended specifications for strapping are as follows:

- Polypropylene.
- Width: 12 mm (Tolerance ±0,5mm)
- Thickness: 0,7 mm, minimum.
- Breaking strength: 180 kg, minimum.
- Mass: 6,60 g per metre, minimum.
- Colour: Preferably Blue.

TO SUMMARISE:

The high costs of production and the entire logistics chain under the current economic climate can under no circumstances justify the use of inferior quality packaging material and the risk of accompanying losses.

Dawid Groenewald
Co-ordinator: CRI-PTF & Packaging Working Group - Cell: 083 661 6365
Email: Dawid@cri.co.za